



RASSTANDAARD

Hersien 2014 / Geredigeer 2017

Deel 1 – Rasstandaard Deel 2: Bouvorm & Beweging

INHOUD: Deel A - Rasstandaard

1	ALGEMENE VOORKOMS	3	MIDDELSTUK
1.1	TIPE	3.1	RUG
1.2	KWALITEIT	3.2	RIBBES
1.3	HOOGTE	3.3	LENDE & FLANK
1.4	KLEUR & HAARBEDEKKING		
1.5	TEMPERAMENT	4	AGTERKWART
1.6	BEWEGING	4.1	KRUIS
1.7	GANGE	4.2	BOUDE & DYE
1.8	HOUDING	4.3	SKENKEL
		4.4	HAK
2	VOORKWART	4.5	PYPBEEN
2.1	KOP	4.6	KOOTGEWRIG
2.2	NEK	4.7	KOOT
2.3	SKOUER	4.8	AGTERHOEF
2.4	BORS	4.9	AGTERBEEN
2.5	ARM		
2.6	KNIE		
2.7	PYPBEEN		
2.8	KOOTGEWRIG		
2.9	KOOT		
2.10	HOEWE		
2.11	BENE		

INHOUD: DEEL B – KONFORMASIE & BEWEGING

1	INLEIDING	11	BOUVORMBENAMINGE
2	BESIGTIGING VAN DIE PERD	12	SKELET VAN DIE PERD
3	BOUVORM	13	DISKWALIFIKASIES & DISKRIMINASIES
3.1	BALANS	14	GEBREKE & SKYNGEBREKE
3.2	VERHOUDINGS & KURWES VAN DIE TOPLYN	14.1	KOP & NEK
3.3	KOP	14.1.1	BLINDHEID (G,S)
3.4	KWALITEIT	14.1.2	VERDIKTE MANEKAM (S)
3.5	SUBSTANSIE	14.1.3	KORT ONDERKAAK(G)
3.6	KORREKTE HOEKE & STRUKTURE	14.1.4	LANG ONDERKAAK (G)
4	VOORBENE	14.1.5	“POLL EVIL” (G)
5	VOORBEEN EN BOUVORM FOUTE	14.1.6	ROGGEL (G)
5.1	BASIS NOU	14.1.7	PAPLIPPE (S)
5.2	BASIS WYD	14.2	KAMBEEN & SKOUERS
5.3	TOON IN	14.2.1	“FISTULOUS WITHERS” (FISTULA) (G,S)
5.4	TOON UIT	14.2.2	SPIERVERSWAKTE KAMPBEEN (G)
5.5	BASIS NOU, TOON IN	14.3	VOORBENE
5.6	BASIS NOU, TOON UIT	14.3.1	LAMINITIS (FOUNDER) (G,S)
5.7	BASIS WYD, TOON UIT	14.3.2	BOKSVOET (G)
5.8	BASIS WYD, TOON IN	14.3.3	“BUCKED SHINS” (G)
5.9	KALF- OF HOL KNIË	14.3.4	DIK ELMBOOG (S)
5.10	BOKKNIË	14.3.5	GEBOË OF VERREKTE PEES (G,S)
5.11	BAKBENE	14.3.6	GEBREEKTE KNIË (G)
5.12	X-BENE	14.3.7	GEKNYPTE HIELE (S)
5.13	KNIË NA BUITE GEPLAAS	14.3.8	HIELKRAAK(G,S)
2.14	OOP KNIË	14.3.9	SANDKRAAK (S)
5.15	UITGESNY ONDER DIE KNIË	14.3.10	KWARTIERKRAAK(G,S)
5.16	GEKNYP AGTER DIE KNIË	14.3.11	LITTEKENS MET BINDWEEFSEL (S)
5.17	ONDERSTAND VAN DIE VOORBENE	14.3.12	MOK (G,S)
5.18	VOORSTAND VAN DIE VOORBENE	14.3.13	RINGBEEN (G)
5.19	KORT, REGOP KOTE	14.3.14	SPLINTE (G,S)
5.20	LANG REGOP KOTE	14.3.15	LITDORING (G,S)
5.21	LANG SLAP KOTE	14.3.16	NAVIKULÊRE SINDROOM (G,)
6	AGTERBENE	14.3.17	SYBEEN (G,S)
7	AGTERBEEN BOUVORM FOUTE	14.3.18	TOONKRAAK (G,S)
7.1	ONDERSTAND VAN DIE AGTERBENE	14.3.19	VERGROTE SESAMOÏDBEENTJIES (G)
7.2	SEKELHAKKE	14.3.20	VROTSTRAAL (G,S)
7.3	OORMATIGE REGOP AGTERBENE	14.3.21	WATER OP DIE KNIË (G,S)
7.4	AGTERSTAND VAN DIE AFTERBENE	14.3.22	WIND GALLE (S)
7.5	BASIS WYD	14.4	RUG, WERWELKOLOM, ABDOMEN
7.6	KOEIHAKKE	14.4.1	BREUKE (G)
7.8	BASIS NOU VANAF KOOTGEWRIGTE	14.4.2	HOLRUG (G,S)
8	BOUVORM VAN DIE HOEF	14.4.3	LONGEMFISEEM (G)
8.1	VOORHOEF	14.4.4	KLOPHINGS CRYPTORCHIDISM (G)
8.2	AGTERHOEF	14.4.5	SAAL / BUIKGORTSERE (S)
9	ABNORMALE KONFORMASIE VAN DIE HOEF	14.5	AGTERKWART
9.1	PLAATSOOL	14.5.1	BEENSPAT (G)
9.2	GEKNYPTE HIELE	14.5.2	BOLSPAT (G,S)
		14.5.3	“COCKED ANKLES” (G)
		14.5.4	DIK HAK (S)



9.3	GEKNYPTHE HIELE & VOORHOEF	14.5.5	GESONKE INGEDUIKTE HEUP(S)
9.4	VERHEWE HOEFWAND	14.5.6	CURBED HOCK (G,S)
9.5	VERDIKTE HOEFKROON	14.5.7	HANESPAT (G)
9.6	DUN HOEFWAND & SOOL	14.5.8	KROMSTERT (S)
9.7	BOKSHOEF	14.5.9	LITTEKENS MET BAIE BINDWEEFSEL (S)
9.8	HOEF MET GEBROKE HELLING	14.5.10	SLUITING VAN DIE KNIEGEWRIG(G)
10	FOUTIEWE BEWEGING	14.5.11	SPLINTE (G,S)
10.1	HOEF SE VLUIG NA BUIITE	14.5.12	WAAIGALLE (S)
10.2	HOEF SE VLUIG NA BINNE	14.6	NADELIGE EN ONAANVAARBARE GEDRAG
10.3	VLEG	14.6.1	BYT
10.4	AANKAP TISSE VOOR- & AGTERBENE	14.6.2	HALTERTREK
10.5	AAKAP TUSSEN VOOR & AGTERBENE AAN DIESELFDE KANT	14.6.3	KRIPBYT
10.6	AANKAP VAN HIELE	14.6.4	ONRUSTIGHEID
10.7	DIAGONALE OORKRUIS AANKAP	14.6.5	STABLE KICKING
10.8	AANKAP VAN DIE AGTERBEEEN	14.6.6	STALSKOP
		14.6.7	WIEG
		14.6.8	"WIND SUCKING"

Die "Bouvorm" gedeelte van hierdie dokument is 'n verkorte weergawe van die onderwerp en daar word sterk aanbeveel dat verskeie volledige boeke oor hierdie onderwerp ook geraadpleeg moet word om kennis te verbreed en begrip daarvan te bemeester. Boeke wat aanbeveel word:

1. HORSE CONFORMATION HANDBOOK – HEATHER SMITH THOMAS
2. CONFORMATION EQUINE RESEARCH – JULIET HEDGE & DON WAGONER
3. PRACTICAL GUIDE TO LAMENESS IN A HORSE – TED. S. STASHAK

DEEL A

SA BOERPERD RASSTANDAARD

1. ALGEMENE VOORKOMS



1.1 TIPE

- a. Simmetries afgerond
- b. Gebalanseerde dier: wakker, vol kwaliteit en adellik in voorkoms
- c. Gehard met goeie konstitusie wat goed kan gedy op die veld en onder saal

1.2 KWALITEIT

- a. Hoë vel en haar kwaliteit
- b. Been skoon, droog en senings opvallend
- c. Sterk skelet

1.3 HOOGTE (1hh = 10.1cm)

- a. Hingste 14.2 hh en hoër
- b. Merries 13.3 hh en hoer

1hh = 10.1 cm

1.4 KLEUR EN HAARBEDEKKING

- a. Fyn en digte haarkleed met kwaliteit
- b. Swart, alle skakerings van bruin, vos, blou, geel en skimmel
- c. Vel swart en gepigmenteer

1.5 TEMPERAMENT

- a. Kalm, ambisieus, betroubaar, gelykmatig, dog wakker
- b. Intelligent en gewillig om die mens te dien

1.6 BEWEGING

Tradisioneel: Matige hoër beweging met lang veerkrachtige treë wat grond dek

Universeel: Matige laer beweging met lang veerkrachtige treë wat grond dek

- a. Agterbene wat goed onder lyf inwerk en gewig van voorkwart wegneem.
- b. Al vier bene moet spoor, m. a. w. reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien word.

1.7 GANGE

- a. **3-Gang** (stap, draf, galop)
 - b. **5-Gang** (stap, draf, galop, kortgang en trippel).
- (Stryk-stap en stryk-gang kom algemeen voor in die ras)

1.8 HOUDING

- a. Gebalanseerd in alle gange
- b. Hoë trotse houding

2. VOORKWART

2.1 KOP

- a. Van voor is die voorkop plat en breed tussen die prominente oogbanke met groot, vol, blink en helder oë
- b. Die ore is van middelmatige lengte, skerp gepunt en redelik bymekaar geplaas
- c. Profiel moet reguit of effens konkaf wees met die kaak diep en duidelik omlyn,
- d. Onder die oë goed uitgesny tot by die neus, neusbrug skoon van vlesigheid
- e. Groot elastiese neusvleuels



- f. Bek moet sterk wees met breë gesonde tande wat reg op mekaar byt en diep ingesnyde sykante, met lippe wat sag en elasties is
- g. Prominente ken
- h. Wangbene wyd uitmekaar met voldoende spasie vir die lugpyp
- i. Droë kop met die vel om die oë, die neus en die bek, sag en fluweelagtig

2.2 NEK

- a. Mooi gevormde, buigbare en fynbesnede, middelmatige lang nek
- b. Lugpyp droog, duidelik belyn met los aansluiting
- c. Skuins van bo, glad en hoog aangesluit by skouers
- d. Geboë manekam by hingste, ook by merries, net fyner
- e. Nek se bo-lengte moet langer as onder-lengte wees.

2.3 SKOUER

- a. Diep skouer wat skuins in die rug aansluit
- b. Goed gespierd en nie vlesig nie
- c. Kambeen moet prominent wees met goeie spieraanhegting
- d. Kambeen moet hoër as die kruis wees by volwasse perde
- e. Gemeet van die punt van die skouerknop tot by die aansluiting van die nek, is die skuinste ongeveer 60° met die grondvlak.
- f. Gemeet van die punt van die skouerknop tot die middel van die hoogste punt van die kambeen ongeveer 43° met die grondvlak
- g. Gemeet van die punt van die skouerknop tot by die aansluiting van die kambeen in die rug, ongeveer 40° met die grondvlak

2.4 BORS

- a. Bors moet diep wees, d. w. s. die horisontale borsvloer moet tot op die vlak van die elmboog of laer afkom
- b. Dit moet matig breed wees en die skouerknoppe moet wyd uitmekaar geplaas wees met die elmboë parallel teenoor die ribbekas geplaas
- c. Borsspiere moet goed ontwikkel wees met prominente boeg of borsbeen

2.5 ARM

a. Bo-arms:

1. Bo-arms kort en staan na voor
2. Die onderpunt van die humerus moet parallel met die ribbekas geplaas wees

b. Voor-arm:

1. Sterk, lank, breed en gespierd

2.6 KNIE

Breed, diep en plat aan die voorkant

Droog

Sterk sentrale aansluiting by pypbeen

Sening-ankers opvallend en gehard



2.7 PYPBEEN

a. Sy-aansig:

1. Droog, kort en breed

a. Voor-aansig:

1. Droog, plat en reg in die middel van die knie
2. Senings (pese) prominent en sterk aanhegting by die knie en koot van die kant gesien

2.8 KOOTGEWRIG

- a. Sterk, breed, plat en droog
- b. Van die kant gesien, moet min lang koothare aanwesig wees

2.9 KOOT

- a. Middelmattige lengte
- b. Sterk met 'n gemiddeld van 50 tot 55 ° met grondlyn gemeet
- c. Elasties

2.10 HOEWE

- a. Middelmattige grootte (muil tipe hoef)
- b. Glad en blink met digte tekstuur
- c. Dik wand wat van gehardheid getuig
- d. Hoef-grade is gemiddeld 55° by voor- en agterhoeuwe
- e. Hoef-wand reguit en nie konkaf of geboë nie
- f. Hiele hoog en wyd uit mekaar
- g. Voorhoeuwe rond, agterhoeuwe ovaal in vorm
- h. Sool konkaf en hard
- i. Straal (muis) sag en elasties

2.11 VOORBENE

- a. Van voor moet die bene reguit wees sodat 'n loodlyn wat vanaf die skouerknop hang, deur die middel van die knie, die pypbeen, die kootgewrig, die koot en die hoef loop.
- b. Voorbene moet so ver as moontlik in die skouer na vore geplaas wees
- c. Van die kant gesien moet die been vertikaal staan.

3. MIDDELSTUK

3.1 RUG

- a. Kort, sterk en gespierd
- b. Merries kan heelwat langer in die rug as hingste wees

3.2 RIBBES

Die hele ribgedeelte moet diep en ovaal-rond wees met ribbes wat so ver as moontlik agtertoe, tot by die flanke, strek (moet nie opgesny in die lies wees nie)

3.3 LENDE EN FLANK

- a. Lende moet breed en gespierd wees en sterk aansluit by die kruis
- b. Flank diep en vol



4. AGTERKWART

4.1 KRUIS

- a. Kruis moet lank en gespierd wees, vanaf die heupknop tot die sitbene
- b. Van agter gesien moet dit breed en rond wees tussen die draibene, maar die heupknoppe moet nie prominent uitstaan nie
- c. Die kruis hang effens, maar die stert moet redelik hoog aansluit
- d. Van die kant gesien moet die kruis 'n mooi ronding wys
- e. Heupe moet nie te naby mekaar wees nie en die kruis nie te spits na agter loop nie.

4.2 BOUDE EN DYE

Moet swaar gespierd wees en laag af strek na onder

4.3 SKENKEL

- a. Lank, breed en gespierd
- b. Moet so laag as moontlik af strek na die hak

4.4 HAK

- a. Breed en plat, skoon en diep
- b. Moet van krag getuig en in verhouding tot die perd wees
- c. Aanhegtings prominent

4.5 PYPBEEN

- a. Kort, breed en skoon van die kant gesien
- b. Pees moet skoon en ewe dik, bo en onder wees
- c. Pypbeen moet van voor gesien, plat wees

4.6 KOOTGEWRIG

Sien voorste kootgewrig

4.7 KOOT

Sien voor koot.

4.8 AGTERHOEF

Ovaal in vorm en gebalanseerd.

4.9 AGTERBEEN

- a. Van agter gesien moet die loodlyn vanaf die sitbeen-knoppe reguit afhang oor die punt van die hak, in die middel van die pypbeen, die kootgewrig, die koot en die hoef.
- b. Van die kant gesien moet die loodlyn, getrek vanaf die sitbene agter net teen die hak en die pypbeen afhang.



DEEL B: BOUVORM, KONFORMASIE & BEWEGING

VERWYSINGS

Practical guide to lameness in horses, 1995. Ted S. Stashak, DVM, MS

Die verhouding tussen konformasie en mankheid 2013, SA Boerperd Telersgenootskap

Soötegniese Data, 1979. Osterhoff DR, Couvaras S, Genis EC & Van Niekerk HP

1. INLEIDING

Bouvorm (Konformasie) verwys na die perd se fisiese voorkoms en buitelyn en is die produk van die perd se been- en skeletstruktuur. Tydens die evaluasie van bouvorm (konformasie) moet die ras en die funksie van die perd in gedagte gehou word, bv. die Naelperd (*Quarter Horse*) se korter en ronder spiere teenoor die Volbloed (*Thoroughbred*) se langer en platter spiere. Kennis van die standaard van die ras en families binne die ras is dus noodsaaklik vir regverdige evaluasie.

2. BESIGTING VAN DIE PERD

Bekyk die perd van die **linker kant** (aan die sonkant) deur die balans tussen die voorkwart en die agterkwart te evalueer. Gee nou aandag aan kurwes en verhoudings van die toplyn, vanaf die kopkroon (*poll*) tot by die stert en af na die skenkel of tweede dy (*gaskin*). Nou word die aanhegting van die bene (aanhangeskelet) aan die liggaam (as-skelet) besigtig. Hoeke word geëvalueer.

Van **voor** word gekyk of die bene en hoewe reguit en simmetries is. Ook die diepte en lengte van die bors en voor-armspiere word besigtig. Die kop, oë, neusvleuels en ore word geëvalueer en tande ondersoek.

Evalueer nou die **regter kant** en vergelyk die uitslag met die van die linkerkant.

Van **agter** word gekyk of die rug, kruis (*croup*), heupe (*point of the hip*), boude (*buttock*) en bene reguit en simmetries is. Waarneming van agter moet stadig vanaf die kopkroon (*poll*) na die stert gemaak word - hierdie is die beste waarnemingsposisie vir die rugspier, rigtingslyn (*alignment*) van die werwelkolom en links-regs simmetrie – mits die perd volkome haaks (vierkantig) (*square*) staan. Sprong van rib word ook die beste vanuit hierdie posisie besigtig.

Die waarnemer maak weer 'n **volle sirkel** om die perd en hierdie keer stop hy by elke kwadrant en besigtig die perd oorkruis. Van agter die perd word na links beweeg en die perd oorkruis na regs voor besigtig. Vanuit hierdie hoek kan abnormaliteite van die bene en hoewe raakgesien word wat vanuit die sy-, kant- en voor-aansig nie raakgesien is nie. Daarna vanuit links voor na regs agter en van regs voor na links agter. Die sirkel word voltooi wanneer vanuit regs agter na links voor besigtig word. Tussendeur kan die algemene korrektheid van al vier funksionele dele, nl. die kop en nek, die voorkwart, middelstuk en die agterkwart geëvalueer word.

3. KOMPONENTE VAN BOUVORM

3.1 BALANS

'n Goed gebalanseerde perd beweeg meer effektief en verduur minder druk en spanning (*stress*). Balans verwys na die verhouding tussen die voorkwart en agterkwart, tussen die bene en die liggaam en tussen die regter- en linkerkante van die liggaam.

Indien die voorkwart proporsioneel groter is as die agterkwart, bv. met 'n afdraende na voor bouvorm, neig die perd se gravitasie punt om na voor te skuif. So 'n perd dra meer gewig op sy voorbene met verhoogde konkussie (skok), spanning en mankheid.



'n Gebalanseerde perd se kambeen (*withers*) is gelyk of hoër as die kruis (*croup*). So 'n perd kan meer gewig met sy agterkwart dra, in balans beweeg en ligter en vryer beweeg. Ouderdom van die perd moet egter in ag geneem word. Die toplyn van jong perde kan tydelik uit balans wees as gevolg van die natuurlike groeiproses. Tog kan mens maar suspisies wees indien 'n twee jaar oue perd oormatig afdraend na voor is, of oormatig vlesig in die voorkwart in vergelyking met die agterkwart is.

By 'n gebalanseerde perd is die beenlengte (borsvloer na die grond) en liggaamsdiepte (borsvloer na die hoogste punt van die kambeen) ongeveer dieselfde. Proporsionele korter bene word geassosieer met korter treë.

Die perd se hoogte (kambeen tot op die grond) behoort ongeveer dieselfde te wees as die lengte van sy liggaam (punt van die skouer tot sitbeenknop) (*"point of the buttock"*). Perde waarvan die lyf in verhouding (proporsioneel) te lank is, sukkel om beweging te sinkroniseer en koördineer. 'n Perd wat in verhouding (proporsioneel) te lang bene het, se agterbene kap die voorbene makliker aan (*forging, over-reaching, ens.*).

3.2 VERHOUDINGS (PROPORSIES) EN KURWES VAN DIE TOPLYN

Die perd se beweging word beïnvloed deur die verhoudings van die komponente van die toplyn, die kurwe van die toplyn, die sterkte van die lende, die droogheid (*sharpness*) van die kambeen, die helling van die kruis en die lengte van die onderlyen tot die lengte van die rug.

'n Goue reël is dat die nek (kopkroon (*"poll"*) tot hoogste punt van die kambeen) dieselfde of langer as die rug (kambeen tot lende bokant laaste rib, voor die pelvis) moet wees en dat die heup (lende tot sitbeenknop) ongeveer twee derdes van die rug lengte moet wees.

Die boonste neklyn (kopkroon na kambeen) behoort 2 maal die onder neklyn, (keeluitsnyding (*"throat latch"*) na bors) te wees.

Die rug moet lyk asof 'n saal natuurlik daarin sal pas, met 'n prominente droë kambeen wat bo of agter die gord (*heart girth*) lê. Daar moet nie 'n prominente holte voor of agter die kambeen wees nie, maar moet geleidelik in die nek en rug vloei. Die kambeen dien as 'n steunpunt vir die rug. Indien die perd sy nek sak en strek, lig die rug na bo. 'n Plat en vlesige kambeen beperk hierdie funksie. 'n Perd met korrekte skuins skouers het gewoonlik 'n kambeen wat reg geplaas is.

Sterk rugspiere ondersteun nie net die middelstuk van die perd nie, maar maak dit moontlik om 'n ruiter ook met gerief te dra. Die lende moet relatief kort en goed gespierd wees. Meermale het perde met sogenaamde lang rûe, aanvaarbare lengte van rug, maar te lang en swak lende. So 'n rug, kan ook hol vertoon.

Die kruis word gemeet vanaf die lumbo-sakrale gewrig (aangedui deur die piek bo en effe agter die heupknoppe) tot by die stertwortel. Die kruis moet relatief lank wees omdat dit geassosieer word met goeie lengte na die heup.

Dit is gewens dat die toplyn van die middelstuk kort is in verhouding tot die onderlyen. Dit dui op krag en lengte van treë.

3.3 KOP

Die afstand tussen die oor en die oog behoort een derde van die afstand tussen die oor en die neus te wees. Die wydte tussen die oë behoort dieselfde te wees as die afstand tussen oor en oog.



Prominente oogbanke en oë (met rustige en “leesbare” uitdrukking) wat aan die kant van die kop sit, laat beter sig om die perd toe.

’n Breë oop keelafsnij (*throat latch*) laat voldoende asemhaling toe wanneer die perd kontak neem en daar buig.

Die neusspieël (*muzzle*) moet voldoende spasie gee aan neusvleuels (*nostrils*) en snytande. Die lippe en snytande moet goed opmekaar pas. Die wangbene (*cheek bones*) moet die maaltande gerieflik kan akkommodeer. Die profiel van die nasale been is grootliks ’n funksie van die ras en persoonlike smaak.

3.4 Kwaliteit

Kwaliteit verwys na breë pypbene, droë gewrigte (vry van swellings), duidelik gedefinieerde en verfynde gelaatstrekke, gladde bespierung, liggaamsdele wat inmekaar vloei en ’n fyn blink haarkleed. “Breë” pypbene (dié been is eerder rond) verwys na goed gedefinieerde (droë) tendons wat duidelik agter die pypbeen geplaas is en die indruk gee, van die kant gesien, dat die pypbeen breed is.

3.5 Substansie (Substance)

Dit verwys na die dikte, diepte/lengte en breedte van been, spier en ander weefsel. Ander komponente van substansie is gewig en hoogte van die perd, grootte van die hoewe, diepte van die gord (*heart girth*) en flank, en sprong van rib.

Sprong van rib (beste van agter waargeneem) verwys na die kurwe van die ribbekas. ’n Goed ontwikkelde ribbekas gee voldoende ruimte aan die hart, longe en spysverteringsorgane. Daarmee saam gee dit ook ’n natuurlike gemaklike posisie aan die ruiter se bene.

3.6 Korrekte hoeke en strukture

Die lengte en helling van die skouer, arm, voor-arm, kruis, heup, knie (*stifle*) en kote moet gemiddeld wees en goed saamwerk. So is reguit ledemate (van voor en van agter gesien) groot droë gewrigte, ’n hoë kwaliteit hoefwand, konkawe sool, sterk en ewe lang hiele en korrekte hoefgrootte belangrik.

4. Voorbene

Indien die bene geëvalueer word, is dit belangrik om eers seker te maak dat die perd haaks (vierkantig) (*square*) staan.

Die voorbene dra ongeveer 65% van die perd se liggaam en moet dus sterk en gesond wees. Beide voorbene moet dieselfde grootte en lengte wees en ewe veel gewig dra.

’n Loodlyn vanaf die punt van die skouer behoort die been in twee spieëlbeelde te deel. Die tone moet na voor wys en die afstand tussen middellyne van die voorbene by die bors behoort dieselfde te wees as die afstand tussen die middellyne van die twee hoewe op die grond. Voldoende bespierung van die skouer, bors en voor-arm help met goeie beweging van die voorbene.

Van die kant gesien, moet die voorbeen-hoeke matig wees om voldoende skok te absorbeer. Die grade van die skouer word gemeet langs die rif van die bladbeen (*spine of the scapula*), vanaf die punt van die kambeen tot by die punt van die skouer. Hoe meer regop en korter die skouer, hoe korter en vinniger die treë met meer druk, spanning (*stress*) en skok (konkussie) op die ledemaat.

Die hoek wat die skouer met die bo-arm (humerus) maak, moet ongeveer 90° wees. Die skouer en die koot behoort parallel te wees.




‘n Lang humerus (punt van die skouer na die punt van die elmboog) word geassosieer met ‘n lang treë en goeie laterale vermoë. Hoe meer regop die humerus, hoe hoër die knie-aksie en andersom.

Van voor gesien, behoort die loodlyn vanaf die skouerknoppe nie net die been in twee spieëlbeelde te verdeel nie, maar ook die elmboogknop (indien mens deur die perd kon sien). Dan het die twee voorbene die beste kans om reguit te wees en ook korrek in vlug te beweeg. Indien die twee elmboogknoppe wyer uitmekaar is (buite die twee loodlyne lê), kan die perd toon-in wees en met los elmboë beweeg. Die vlug van die hoewe is moontlik dan ook na buite (*paddle*). Indien die elmboë nader aanmekaar is (binne die twee loodlyne lê), sal die perd waarskynlik toon-uit te wees, met stywe elmboë beweeg en die vlug van die voorhoewe na binne (*winging*).


Die knieë moet groot en droog (vry van swellings) wees en die beenkolom reguit (nie kalf- of bokknieë nie)

Normale voorkoot (*front pastern*) grade is **53° tot 58°**. Te lang plat en slap kote gee aanleiding tot allerlei beserings. Te kort regop kote, veroorsaak skok (konkussie) beserings. Kootgewrigte (*fetlock joints*) moet groot genoeg en droog wees vir vryheid van beweging.


Die hoefgrootte moet by die grootte van die perd pas. Daarby ook die korrekte vorm (rond tot ovaalrond by SA Boerperde), simmetries, goeie hoefwand, voldoende hielhoogte en -breedte met konkawe (hol) hoefsool.



Voorbeen-skelet




Korrekte voor- en syaansig



Voorbeen hellings

5. VOORBEEN BOUVORM-FOUTE

5.1 BASIS-NOU (*BASE-NARROW*)




Van voor gesien is die afstand tussen die middellyne van die bene op die grond korter as die afstand tussen die middellyne van die bene by die oorsprong uit die bors. Veral by breëbors perde met goed ontwikkelde borsspiere (bv. Quarter horse). Kom voor as toon-in (*pigeon-toed*) of toon-uit (*splay-footed*) konformasie.

Meer gewig word aan die buitekant van die hoewe gedra en die hoef land ook eerste aan die buitekant. Meer stres aan die buitekant van die hoef en been.

Gevolg: Vog op die kootgewigte of windgalle (*articular windpuffs/windgauls*) en laterale ring- (*ringbone*) en sybeen (*sidebone*).

5.2 BASIS-WYD (*BASE-WIDE*)




Van voor gesien is die afstand tussen die middellyne van die bene op die grond groter as die afstand tussen die middellyne van die bene by die oorsprong uit die bors. Veral by smalbors perde met onder-ontwikkelde borsspiere. Kom hoofsaaklik voor as toon-uit bouvorm (konformasie). Basis-wyd, toon-uit veroorsaak dat die vlug van die hoef na binne is.

Meer gewig word aan die binnekant van die hoewe gedra en die hoef land ook eerste aan die binnekant. Meer spanning (stres) aan die binnekant van die hoef en been.


Gevolg: Vog op die kootgewrig en mediale ring- en sybeen.

5.3 TOON-IN (*PIGEON-TOED*)



Van voor gesien, draai die hoewe na mekaar. Dit is aangebore en die been kan so hoog as die oorsprong by die bors na binne draai, of so laag as by die kootgewrig. Dit kom gewoonlik voor by basis-nou bouvorm (konformasie). Selde by basis-wyd. Die hoef beweeg na buite in vlug (*paddle*) – by basis-wyd of basis-nou. Die hoef breek oor die buite toon en land op die buite wand. Indien die been eers by die kootgewrig of laer na binne draai, kan die vlug van been na binne wees i.p.v. na buite en saam met basis-nou kan die ander kootgewrig geraak word. Kan by vullens en jong perde beheer of gedeeltelik reggestel word.

5.4 TOON-UIT (*SPLAY-FOOTED*)




Van voor gesien, draai die hoewe weg van mekaar. In meeste gevalle is dit geneties (aangebore) en die been draai reeds vanaf die oorsprong uit die bors na buite. In sekere gevalle word die toestand vererger deur die kootgewrig wat ook na buite draai. Basis-wyd of basis-nou kan beide toon-uit wees. Die vlug van die hoef is na binne (*winging*) en in erge gevalle (veral met basis-nou) kan die ander voorbeen getref word. Kan by vullens en jong perde beheer of gedeeltelik reggestel word.


A. Normale spoor

B. Toon-uit spoor
Vlug na binne
"winging"

C. Toon-in spoor
Vlug na buite
"padding"




5.5 BASIS-NOU, TOON-IN (BASE-NARROW, TOE-IN)




Dié tipe bouvorm (konformasie) plaas baie spanning op die laterale ligamente van die koot- en kroon-gewrigte (*fetlock and pastern joints*). Daar word oormatige gewig aan die buitekant van die hoof gedra wat kan aanleiding gee tot windgalle (*articular windpuffs/windgauls*) en laterale ring- (*ringbone*) en laterale sybeen (*sidebone*). Die vlug van die hoof is na buite (*padding*). Die voorbene raak nie aan mekaar nie. Dit is 'n algemene bouvorm (konformasie) abnormaliteit.

5.6 BASIS-NOU, TOON-UIT (BASE-NARROW, TOE-OUT)




Hierdie is een van die ergste voorbeen bouvorm (konformasie) foute en perde met sulke voorbene kan nie hard werk nie. Die voorbene se vlug is na binne en kap maklik teen mekaar met gevolglike merke aan die binnekant van die pypbene, moontlike frakture van die mediale splintbeentjie en mediale sesamoid beentjie. Die basis-nou konformasie plaas gewig op die buiterand van die hoof. Die hoof breek oor die binne rand, swaai in vlug na binne en land op die buite rand. Dit plaas stremming op die been onderkant die kootgewrig. Vleg (*plaiting*) kan voorkom.

5.7 BASIS-WYD, TOON-UIT (*BASE-WIDE, TOE-OUT*)



Meeste basis-wyd perde is ook toon-uit. Basis-wyd plaas stremming op die binnekant van die been. Dit bring mee dat daar meer spanning op die binne ligamente van die koot- en kroongewrigte is. In beweging breek die hoef oor die binnekant, die vlug is na binne (*winging*) en land ook eerste op die binne rand. As gevolg van die voorbene wat moontlik teen mekaar kan kap, kan littekens aan die binnekant van die pypbene en moontlike frakture van die mediale splintbeentjie en mediale sesamoïd beentjie voorkom.

5.8 BASIS-WYD, TOON-IN (*BASE-WIDE, TOE-IN*)




Die tipe bouvorm (konformasie) is skaars. Basis-wyd tendens plaas die stremming op die binnebeen, met dieselfde patologiese gevolge en veranderinge as by die basis-wyd, toon-uit. In meeste gevalle van basis-wyd, toon-in, sal die hoef se vlug na buite wees (*paddle*) en die hoef oor die binne toon breek en land.

VLEG (*PLAITING*)

Sommige perde, veral dié met basis-nou, toon-uit konformasie, neig om een hoef direk voor die volgende te plaas. Dit is baie ongewens en kan veroorsaak dat die voorbene aanmekaar raak of kap met gevolglike struikeling en beserings.

5.9 KALF- OF HOLKNIEË (*BACK AT THE KNEE, CALF KNEES*)



Kalknieë Normaal Bokknieë

Van die kant gesien buig die kniegewrig terug. Hierdie bouvorm (konformasie) is swak en die bene bly selde gesond onder swaar werkslas. Splinterfrakture van die kniebeentjies en radius kan voorkom.

5.10 BOKKNIEË (*OVER AT THE KNEE, BUCKED KNEES*)(Sien diagram hierbo)

Van die kant gesien buig die kniegewrig na vore. Alhoewel die perd self aan minder beserings blootgestel is met bokknieë, is dit meer gevaarlik vir die ruiter omdat die knieë reeds effe toegevou is en die perd kan val. Soms word vullens met bokknieë gebore, maar behoort binne 3 maande volkome te herstel.

5.11 BAKBENE (*BOWLEGS*)




Diagram A


Van voor gesien is die afwyking van die knieë vanaf die loodlyn na die buitekant. Dit kan voorkom saam met basis-nou, toon-in konformasie. Stremming word op die laterale oppervlak van die bene geplaas, veral van die knie-ligamente. Verhoogde drukking op die beentjies aan die binnekant van al die gewrigte, veral van die knieë.

- A. Bakbene (Bowlegs)
- B. X-bene (Knock-knees)

5.12 X-BENE (*KNOCK KNEES*) (Sien vorige diagram B)


Van voor gesien buig die knieë na mekaar en gee die indruk van 'n X. Stremming word geplaas op die binne ligamente van die knie en die kniebeentjies aan die buitekant van die knie. Gewoonlik draai die pypbeen, koot en hoof ook na buite.

5.13 KNIEË WAT NA BUITE GEPLAAS IS (*OFF-SET KNEES, BENCH KNEES*)



Van voor gesien, lyk dit of die pypbeen na buite geplaas is en nie die loodlyn vanaf die radius (voor-arm) volg nie. Dit is 'n aangebore defek en word as swak konformasie beskou. Die mediale splintbeen is onder druk en splinte kom algemeen voor.

5.14 OOP KNIËË (OPEN KNEES)



Hierdie bouvorm (konformasie) kom gewoonlik voor by jong perde (1 tot 3 jaar). Van die kant lyk dit of die profiel van die knie-gewrigte onegalig en asof die gewrigte nie volledig gesluit het nie. Namate die perd volwasse word, verbeter die voorkoms van die knie.

5.15 UITGESNY VOOR ONDER DIE KNIËË (CUT OUT UNDER THE KNEES)




Diagram A

Van die kant gesien is daar 'n uitsnyding direk onder die knie aan die voorkant. Dit is 'n swak bouvorm (konformasie) omdat die pypbeen nie regtig in lyn met die knie is nie.

- A. Uitgesny voor onder die knieë (Cut out under the knees)
- B. Geknypt agter onder die knie (Tied-in knees)

5.16 GEKNYP AGTER ONDER DIE KNIËË (TIED-IN KNEES)(Sien vorige Diagram B)

Van die kant gesien lyk dit of die flexor tendons, net onder en agter die knie, te na aan die pypbeen geplaas is. Dit wil voorkom asof hierdie bouvorm (konformasie), vryheid van beweging belemmer. 'n Swaar, harige kootgewrig mag dieselfde indruk skep.

5.17 ONDERSTAND VAN DIE VOORBENE (STANDING UNDER IN FRONT)



Diagram A


Van die kant gesien is die hele voorbeen, vanaf die elmboog tot by die hoef, agter die loodlyn geplaas en dus onder die voorlyf in. Dit kan o. a. deur siekte veroorsaak word en nie net as gevolg van 'n aangebore bouvorm (konformasiefout) nie. Met hierdie stand is die voorbene oorlaai en die treë kort. Beweging word gestrem, is dus kort, afgeknap, laag, swewend en gaan gepaard met struikeling en moontlike val. Oormatige stremming en wrywing vind plaas op die bene, ligamente en tendons.

- A. Onderstand van die voorbeen (standing under in front)
- B. Voorstand van die voorbeen (camped in front)

5.18 VOORSTAND VAN DIE VOORBENE (*CAMPED IN FRONT*) (Sien vorige Diagram B)

Van die kant gesien staan die voorbene te ver voor die loodlyn. Dit kan as gevolg van bilaterale navikulêre sindroom of laminitis wees.

5.19 KORT REGOP KOTE (*SHORT UPRIGHT PASTERNS*)



A. Normale koot

B. Kort regop koot

C. Lang regop koot


Diagram B (hierbo)

'n Kort regop koot verhoog skok (konkussie) op die kootgewrig (*fetlock joint*), kroongewrig (*pastern joint*) en die glybeentjie (distale sesamoïd been, "*navicular bone*"). Die gevolg is 'n toename in traumatiese artritis van die kootgewrig, ringbeen van die kroongewrig en navikulêre sindroom. Hierdie tipe bouvorm (konformasie) word geassosieer met basis-nou, toon-in. 'n Regop skouer is gewoonlik ook teenwoordig.

5.20 LANG REGOP KOTE (*LONG UPRIGHT PASTERNS*) (Sien vorige Diagram C)

Kom selde voor. Beide die kootgewrig en distale sesamoïd been (*navicular bone*) kan beseer word. Die stremming en beserings is byna dieselfde as by kort regop kote.


5.21 LANG SLAP KOTE (*LONG SLOPING PASTERNS*)



Die kote is te lank vir die lengte van die been. Kan voorkom by normale of te plat (45° of laer voor en 50° of laer agter) hoewe. Hierdie tipe konformasie gee aanleiding tot beserings van die flexor tendons, sesamoïd beentjies en die ligament aan die agterkant van die onderbeen.

6. AGTERBENE

AGTERBEEN-SKELET



KORREKTE AGTER- EN SYAANSIG



Die struktuur en bespierung van die agterkwart moet pas by die doel waarvoor die perd aangewend word. Uithouritperde het bv. lang plat boudspiere terwyl perde wat vee uitkeer se bespierung korter en dikker is. Veeldoelige perde, soos die SA Boerperd, se bespierung is matig.

Van die kant gesien, moet die agterbeen uit hellings bestaan wat lyk of dit skok effektief sal absorbeer. 'n Loodlyn vanaf die sitbeenknop (*point of buttock*) moet die hak en pypbeen raak en die grond agter die balle (*bulbs*) van die hiele.

Die agterkwart moet simmetries en goed aan die liggaam en bene geheg wees. Die verhouding tussen die lengte van die bene, die hoeke van die gewigte en hoogte van die agterbeen gee 'n aanduiding van die tipe aksie en kraguitset. 'n Plat kruis word geassosieer met aksie wat agter die agterkwart plaasvind, in plaas van daaronder (bene bly agter, "*trail*"). 'n Hangkruis (*goose rump*) plaas die agterbeen te diep onder die liggaam (sekelhakke, "*sickle hocks*") met gevolglike strukturele probleme (haashak, "*curb*") as gevolg van oormatig gebuigde gewigte. 'n Kort dybeen (femur) gee kort vinnige treeë. 'n Lang dybeen gee lang treeë. Met hoë hakke sukkel die perd om sy hakke onder hom in te kry. Lae hakke maak dit vir die perd makliker om homself te dra. Die skenkel (knie na die hak, "*gaskin*") moet korter wees as die dybeen (femur). Indien die skenkel langer as die dybeen is, kom koei- en sekelhakke voor.

By te reguit agterbene is die totale beenlengte korter en bring beweging voort wat effektief is vir resies- en jagperde. Agterbene waarvan die gewigte meer gebuig is, het relatief langer beenlengte en produseer meer vertikale gewrigsaksie wat nodig is vir kolleksie (hoë dresseer bewegings). Indien die totale been te lank is, kom agterstand (*camped out*) en sekelhakkigheid voor.

NB: die finale beoordeling van die ledemate vind plaas tydens beweging, en nie tydens stilstand nie.

Van agter gesien behoort die agterbene simmetries en dieselfde lengte te wees en ewe veel gewig te dra. Die hoogste punte van die kruis, die heupknoppe, sitbeenknoppe en middellynposissie van die stert moet simmetries vertoon. Die breedste deel van die agterkwart behoort die lyn tussen die knie-gewigte (*stifles*) te wees. Agterbene is nie ontwerp om presies na voor te wys nie. Die knie-gewigte draai effens na buite sodat beweging verby die middelstuk kan plaasvind. Dit bring mee dat die hakknoppe effe na binne draai en die hoewe na buite (in dieselfde mate). Die afstand tussen die middellyne van die agterhoewe op die grond behoort dieselfde te wees as dat afstand tussen die middellyne van die bene by oorsprong by die heupe. Die normale helling van die agterbeenkote is 55 tot 60°.

7. AGTERBEEN BOUVORM-FOUTE

7.1 ONDERSTAND VAN DIE AGTERBENE (*STANDING BEHIND*)



Onderstand

Van die kant gesien staan die agterbeen te ver onder dieperd in. 'n Loodlyn vanaf die sitbeenknoppe sal die grond ver agter die been raak.


7.2 SEKELHAKKE (*SICKLE HOCKS*)



Sekelhakke

Van die kant gesien is die hoek van die hak verklein sodat die onderbeen na vore onder die liggaam staan. Spanning kom voor by die plantar ligamente (agter onder die hak) wat haashak (*curb*) veroorsaak


7.3 OORMATIGE REGOP AGTERBENE (*STRAIGHT BEHIND*)



Regop agterbene

Van die kant gesien, het die knie-gewrig (*stifle joint*), tussen die femur en tibia, nie genoeg buiging nie. Gevolglik is die hakgewrig en kote ook te regop. Hierdie bouvorm (konformasie) gee aanleiding tot bolspat (*bog spavin*) en sluiting van die kniegewrig (*locking stifle*). Hierdie tipe been word maklik beseer met harde werk.

7.4 AGTERSTAND VAN DIE AGTERBENE (*CAMPED BEHIND*)




Agterstand

Van die kant gesien, is die hele agterbeen te ver na agter geplaas. 'n Loodlyn vanaf die sitbeenknoppe raak die grond by die hoof in plaas van 'n entjie agter die hiel. Regop kote kom gewoonlik ook voor.

7.5 BASIS-WYD (*BASE-WIDE*)

Van agter gesien, is die afstand tussen die senterlyne van die hoewe groter as die afstand tussen die senterlyne van die bene in die dy-area. Minder algemeen by die agterbene as by die voorbene. Kom meestal voor saam met koeihakke.


7.6 KOEIHAKKE (*COW HOCKS*)



Koeihakke

Die been is basis-nou by die hakke en basis-wyd van die hak na die grond. Dit kom algemeen voor en is ook een van die slegste konformasie-foute omdat dit aanleidend kan wees tot beenspat (*bone spavin*), as gevolg van van oormatige spanning aan die binnekant van die hakgewrig. Van die kant gesien, kan die perd ook sekelhakkig wees.

7.7 BASIS-NOU (BASE NARROW)



Basis-nou



Van agter gesien is die afstand tussen die senterlyne van die hoewe kleiner as die afstand tussen die senterlyne van die bene in die dy-area. Kom meer algemeen voor by swaar gespierde perde. Daar is oormatige spanning aan die buitekant van die been en die meeste gewig word op die buiterand van die agterhoef gedra.

Die hoewe kan reguit of toon-in wees. Die been kan reguit wees tot by die hakke en van daar indraai na binne. Word ook geassosieer met geboë agterbene waar die hakke te ver van mekaar geplaas is. Tydens beweging buig die hakke na buite. Indien 'n perd goeie konformasie van die voorbene het, maar basis-nou agter is, kan daar verskeie tipes aankapping tussen die voor- en agterbene plaasvind.

7.8 BASIS-NOU VANAF KOOTGEWRIGTE (BASE-NARROW FROM FETLOCKS DOWN)

Hierdie konformasie plaas spanning op die buite-ligamente van die kootgewrig, koot en kroongewrig. Die bene en tendons in daardie area is ook onder stres.

8. BOUVORM VAN DIE HOEF



Gebalanseerd

Hoefstrukture

'n Hoef is in balans indien 'n denkbeeldige lyn deur die hoefkroon (*coronet*), voor en agter, parallel is met die grond-oppervlak en reghoekig (90°) met die loodlyn wat vanaf die skouerknop die hoef in twee spieëlbeelde verdeel.

Die steunsels (*bars*) moet goed ontwikkel wees. Die hoofwand (*wall*) is die dikste by die toon en word al dunner na die hiele. Die hoofomtrek by die kroon is kleiner as die omtrek by die grondvlak. Die hoofwand aan die binnekant (mediaal) behoort meer regop te wees as die buitewand (lateraal). Die sole is effens konkaf van buit na binne, maak nie primêr kontak met die grond nie en is nie ontwerp om gewig te dra nie. Die helling van die hiele behoort die voorkant van die dieselfde te wees as die helling aan toon asook die koot- hoefhelling.

Parallele toon-, koot-hoef- en hielhellings

Die hoofwand moet geen defekte toon nie en eweredig verweer. Die hoof moet wys dat die been oor die middel van die toon breek en nie aan die kante nie.

Die hoofstraal (*frog*) moet groot en goed ontwikkel wees met 'n duidelike groef (*cleft*), van normale samestelling en elasties. Die hoofstraal behoort die hoof in twee ewe groot dele te verdeel. 'n Onewe verdeling kan aandui op basis-wyd of basis-nou konformasie.

8.1 VOORHOEF

Die voorhoef is meer gerond en die hiele wyer uitmekaar as die agterhoewe
Die koot- en hoefhelling is gelyk en wel tussen 53° en 58°.

8.2 AGTERHOEF

Die agterhoef is meer gepunt as die voorhoewe. Die hoofgrade is tussen 55° en 60°. Die sool van die agterhoewe is gewoonlik meer konkaf as die voorhoewe.

9. ABNORMALE KONFORMASIE VAN DIE HOEF

9.1 PLATSOOL (FLAT FEET)

Die sool is nie konkaf (hol) genoeg nie. Meer algemeen by swaar trekperde. Dit kan oorerflik wees en veral aanwesig in die voorhoewe. 'n Perd met plat sole sal eerder op sy hiele land om drukking op die sole te vermy. Kneusing van die sole en mankheid kom algemeen voor. Slegs korrektiewe hoefbeslaning kan 'n oplossing bied.


9.2 GEKNYPTE HIELE (CONTRACTED FOOT, CONTRACTED HEELS)

Hou in gedagte dat sekere rasse se hoewe eerder meer ovaal as rond is (SA Boerperde) en nie met hierdie toestand verwar moet word nie. 'n Nou-hoef is nie noodwendig geknyp in die hiele nie. By geknyppte hiele is die hoof nouer as die normaal vir die ras waarvan die perd deel is. Dit het veral betrekking op die agterste helfte van die hoof en kom meestal by die voorhoewe voor en kan in een of beide hoewe teenwoordig wees.

9.3 GEKNYPTE HIELE VAN EEN VOORHOEF (UNILATERAL CONTRACTED FOOT)


By sekere perde is slegs een hoof geknyp in die hiele. Dit mag aangebore wees en dis onbekend of die toestand oorerflik is. Alhoewel dit nie noodwendig mankheid veroorsaak nie, moet dit as ongewens beskou word.

9.4 VERHEWE HOEFWAND (BULL-NOSED FOOT)



Verhewe hoofwand

9.5 VERDIKTE HOEFKROON (*BUTTRESS FOOT*)



'n Swelling kom voor op die boonste (dorsale) oppervlakte van die hoofwand by die koefkroon. Dit kan die gevolg wees van lae ringbeen of van 'n breuk van die boonste deel van die distale falanx beentjie (*coffin bone*). 'n Kroniese van die aangetaste deel vervorming van die hoofwand kom voor.

Verdikte hoofkroon


9.6 DUN HOEFWAND EN SOOL (*THIN WALL AND SOLE*)

Dun hoofwande en dun sole word saam oorgeërf. Plat hiele is ook gewoonlik teenwoordig.

9.7 BOKSHOEF (*CLUB FOOT*)

Die helling van die voorhoef is 60° of meer. Dit kan oorerflik wees of a. g. v. omstandighede waartydens die volle gebruik van die hoef verhinder is.

9.8 HOEF MET 'N GEBROKE HELLING (*COON-FOOTED*)



Die helling van die hoef is styler as die helling van die koot. Dus is die helling vanaf die koot na die grondlyn van die hoef gebreek by die hoofkroon (*coronary band*). Dit kan by die voor- en agterbene voorkom en plaas stremming op die flexor tendons, sesamoïd beentjies en distale sesamoïd ligamente.

10. FOUTIEWE BEWEGING

10.1 HOEF SE VLUG NA BUIE (*PADDLING*)

Die vlug van die hoef is na buite, maar land gewoonlik binne die normale spoor. Dit word geassosieer met toon-in konformasie.

10.2 HOEF SE VLUG NA BINNE (*WINGING*)

Die vlug van die hoef is na binne en land gewoonlik buite die normale spoor. Dit word geassosieer met toon-uit konformasie. Dit is ongewens omdat die bene teen mekaar kan kap.


10.3 VLEG (*PLAITING*)

Die perd plaas een hoef direk voor die ander. Dit word geassosieer met basis-nou, toon-uit konformasie. Dit kan gevaarlik wees omdat die perd kan struikel en val.

10.4 AANKAP TUSSEN VOORBENE OF AGTERBENE (*INTERFERING*)

Twee voor- of twee agterbene kap teen mekaar tydens beweging. Dit word geassosieer met basis-nou, toon-uit konformasie. Dit kan gevaarlik wees omdat die perd kan struikel.

10.5 AANKAP TUSSEN VOOR- EN AGTERBENE AAN DIESELFDE KANT (*FORGING*)



Die sool of yster van die voorhoef word gekap met die toon van die agterhoef aan dieselfde kant. Geassosieer met sekelhakke, perde met “kort-middelstuk-langbeen”-konformasie, moeë jong perde, perd in swak kondisie, ongebalanseerde hoefbeslag, te lang tone, tyd vir nuwe beslag.


10.6 AANKAP VAN DIE HIELE (*OVER-REACHING*)



Hiele aankap (*Over-reaching*)

Die hiel van die voorhoef word deur die agterhoef getref aan dieselfde kant, nog voordat die voorhoef die grond verlaat het. Die voorhoewe breek te stadig. Veroorsaak beserings aan die hiele en voor-ysters word afgetrap.


10.7 DIAGONALE OF OORKRUIS-AANKAP (*CROSS FIRING*)



Oorkruis-aankap (*Cross firing*)

Kom voor by laterale gange. Die agterbeen tref die diagonale (oorkruis) voorbeen.


10.8 AANKAP VAN DIE AGTERBEEN (HINDLIMB CONTACT)



Kom voor tydens draf. Die agterbeen stamp teen die voorhoef in vlug (aan dieselfde kant):

1. "Scalping" - agterbeen hoefkroon word aangekap
2. "Speedy cutting" – agterbeen kootgewrig word aangekap
3. "Shin hitting" - agterbeen pypbeen word aangekap
4. "Hock hitting" – agterbeen hak word aangekap

11. BOUVORMBENAMINGE



BESKRYWING & VERTALING VAN TEMINOLOGIE

No.	Afrikaans	English	No.	Afrikaans	English
1	Kruin/kopkroon	Poll	30	Heup/heupknop	Hook bone/point of the hip
2	Oor	Ear	31	Sitbeen/sitbeenknop	Pin bone/point of the buttock
3	Voorkop	Forehead	32	Stert	Tail
4	Oog	Eye	33	Stertwortel	Root of the tail
4a	Jukboog	Zygomatic arch	34	Voorarm	Forearm
5	Neusspieël	Muzzle	35	Elmboog	Elbow
6	Wang	Cheek	36	Elmboogknop	Point of the elbow
7	Ken	Chin	37	Knie/voorknie	Knee
7a	Kenholte	Chingroove	38	Horingvrat	Chestnut
8	Keelgang	Channel	39	Voor-pypbeen/ - kanonbeen	Fore cannon
9	Hals	Region of poll	39a	Agter- pypbeen/- kanonbeen	Hind cannon/Shannon
10	Kaakboord	Facial crest/Cheekbone ridge	40	Kootgewrig	Fetlock joint
11	Maanhare	Mane	41	Muishare/pyphare	Feather
11a	Maantop/kuif	Forelock	42	Vethorinkie	Ergot
12	Nekvlak/kant van die nek	Side of the neck	43	Koot	Pastern
13	Boonste nekrand	Upper neck border	44	Kroongewrig	Pastern joint
13a	Manekam	Crest	45	Kroon	Coronet
14	Onder nekrand	Lower neck border	46	Dy/bo-dy	Thigh
15	Gorrel	Windpipe	47	Boud	Buttock/quarter
16	Nekaargroef	Neck vein groove/jugular groove	48	Buite-dy	Outer thigh
17	Bors	Breast	49	Binne-dy	Inner thigh
18	Borskas	Chest	50	Agterknie	Stifle
19	Hartomvang/gord	Girth/heart girth	50a	Knieskyf	Stifle cap
20	Skouer	Shoulder	51	Flankfou	Lower flank fold
20a	Punt/knop van die skouer	Point of shoulder	52	Skenkel/onder- dy/tweede dy	Gaskin/second thigh
20b	Boeg	Sternum	53	Haksening	Hamstring
21	Rug	Back	54	Spronggewrig/hak/sprong	Hock
22	Kambeen	Withers	55	Hakskeen	Point of the hock
23	Pens	Belly	56	Keeluitsnyding	Throat latch
24	Naat	Heave line	57	Hoef	Hoof
25	Lende	Loin	58	Hiel	Heel
26	Aansluiting	Coupling	59	Lies	Groin
27	Skede/koker	Sheath	60	Neusgat	Nostril
28	Draaibeen	Thurl	61	Neusvleuel	Wing of the nostril
29	Kruis	Croup	62	Bek/mond	Mouth





12. SKELET VAN DIE PERD

ENGLISH	AFRIKAANS	ANATOMICAL
Skull	skedel	cranium
facial bones	gesigsbene	ofsa faciei
Mandible	onderkaak	mandibule
vertebral column	werwelkolom	columna vertebralis
cervical vertebrae	nekwerwels	vertebrae cervicales
thoracic vertebrae	borswerwels	vertebrae thoracicae
lubar vertebrae	lendewerwels	vertebrae lumbales
sacral vertebrae	kruiswerwels	vertebrae sacrales
Caudal vertebrae	stertwerwels	Vertebrae caudales
Axis	axis (draaier)	axis
Atlas	atlas (draer)	atlas
Thorax	borskas	thorax
Rib	Rib	os costale
Sternum	borsbeen	sternum
bones of the forelimb	voorpootbene	ossa membri theracici
shoulder blade	skouerblad	scapula
Humerus	bo-armbeen	humerus
Ulna	elmpyp	ulna
radius	speekbeen	radius
carpal bones	handwortel- / polsbene	ossa carpi
first carpal bone	eerste handwortelbeen	os carpale / os trapezium
metacarpus	middelvoet	metacarpus
splint bones	griffelbene	ossa metacarpalis ii & iv
digital bones	toonbene	ossa digitorum manus
pedal / coffin bone	hoef- / kloubeen	phalanx distalis / os ungulare
small pastern	kroonbeen	phalanx media / os coronale
large pastern	kootbeen	phalanx proximalis / os campedale
procimal sesamoids	naaste sesamoid- / glybeentjies	ossa sesamoidea procimalia
bones of the hind limb	Agterpootbene	ossa membri pelvini
patella	Knieskyf	patelle
pelvis	Bekken	pelvis
femur	Dybeen	os femoris
fibula	Kuitbeen	fibula
Tibia	Skeenbeen	Tibia
tarsal bones	Spronggewrigte	ossa tarsi
Metatarsus	Middelvoet	Metatarsus
digital bones	Toonbene	digitus iii


13. **DISKWALIFIKASIES EN DISKRIMINASIES**

DISKWALIFIKASIES

DISKRIMINASIES

	DISKWALIFIKASIES	DISKRIMINASIES
1.	<p>KLEUR</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Appaloosa 2. Cremello 3. Bont (<i>Paints, piebalds & skewbalds</i>) 4. Los wit kolle (Slegs onsigbare kolle by reunperde & gesteriliseerde merries toegelaat) 5. Blou oë (een of albei) 6. Blesse te groot. 1. Nie oor die oë nie. 2. Nie verby die lyn van die ore nie. 3. Nie oor die binneste rand van die neusvleuels nie. Een van die neusvleuels mag wit wees, maar nie hoër as die mondhoek nie. 4. By die onderlip mag die wit nie verder strek as die kenketting lyn nie. 7. Wit kouse wat bokant (oor) die middel van die knie en hak strek. 	
2.	<p>GESLAGSORGANE</p> <p>Afwesige, onder-ontwikkelde, abnormale geslagsorgane.</p>	
3.	<p>KOP</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Kort onderkaak (Oor-byt)(<i>Parrot mouth</i>) 2. Lang onderkaak (Onder-byt)(<i>Sow mouth; Monkey mouth</i>) 3. Lang onderlip 4. Skewe bek 5. Aangebore blindheid 6. Pap, wye ore 7. Geboë voorkop 8. Geboë neu (<i>Roman nose</i>) 9. Vlesige kop 10. Ingesonke, klein oë (<i>Pig's eyes</i>) 11. Klein neusvleuels 12. Uitermatige wit oë 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ronde onderkaak 2. Lang kop 3. Smal voorkop 4. Smal onderkaak 5. Wit oë 6. Vlak bek 7. Pap lippe <div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="text-align: center;">  <p>KORT ONDER KAAK <i>PARROT MOUTH (OOR BYT)</i></p> </div> <div style="text-align: center;">  <p>LANG ONDER KAAK <i>MONKEY MOUTH OF SOW MOUTH (ONDER BYT)</i></p> </div> </div>
4.	<p>NEK</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Te kort 2. Dik en vlesig 3. Nek kom te laag uit skouer (nek-aansluiting) 4. Swaar kam wat oorhang (<i>Heavy crest</i>) 5. Skaapnek 6. Swaannek 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Swaar kam 2. Kort nek 3. Yl (dun) maanhare <div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="text-align: center;">  <p>EWEE NECK SKAAPNEK</p> </div> <div style="text-align: center;">  <p>SWAAN NECK SWAANNEK</p> </div> </div>

5.	VOORLYF	
5.1	Blad 1. Te regop 2. Te kort 3. Los skouerblaaië 4. Smal skouerknoppe	Regop blad
5.2	Kambeen Plat kambeen	Vlesig
5.3	Bors Te small	Smal bors
5.4	Voorbene 1. Te fyn bene 2. Oormatige X-bene 3. Te ronde bene 4. Kalf-knieë 5. Te oor op die knie (bok-knieë) 6. Ingedraaide elmboë 7. Slap kote 8. Te kort regop kote 9. Te veel geknyp onder die knie 10. Oordrewe bakbene met hoewe wat na binne draai (toon-in) 11. Hoewe wat te veel na buite draai (toon-uit) 12. Pypbene wat oordrewe asimmetries (skeef) in die knie geplaas is (<i>off-set knees</i>)	1. Oor op die knie 2. Ronde knie 3. Te kort voorarm (radius) 4. Te lang pypbeen 5. Geboë pees 6. Kort kootgewrig 7. Te fyn kote 8. Hoewe wat na binne draai in ligte graad (effe toon-in) 9. Effe hol voorbene (kalf-knieë) by merries 10. Te lang bo-arm (humerus)
5.5	Hoewe 1. Breë plat hoewe 2. Swak hoefwand 3. Blok hoewe met geknypte hiele 4. Te kort / plat hiele	
6.	MIDDELSTUK 1. Hol rug 2. Boggelrug 3. Duiwelsgreep 4. Swak (te min) sprong van rib (platsydig) 5. Swak rug-kruis-aansluiting	1. Lang rug 2. Hoog opgesny in lies
7.	AGTERLYF 1. Hoë dakkige kruis 2. Oordrewe kort kruis 3. Plat kruis 4. Hang kruis 5. Swak boudbespierung	1. Kort boudspier 2. Hoë stertaansluiting

7.1	AGTERBENE 1. Oordrewe sekelhakke 2. Regop hakke 3. Koeihakke 4. Slap kote 5. Lang pypbeen 6. "Curb" (ernstig)(<i>Curbed hock</i>)	1. Effe koeihakkgig 2. Effe regop hakke 3. Fyn kote 4. Kort kote 5. Matige "Curb"  "CURB" (<i>CURBED HOCK</i>) POSISIE VAN 'N "CURB"
7.2	Stert Pap stert	1. Growwe stertwortel 2. Prominente stertwortel 3. Te dun van haar stert (dun sterthare) 4. Yl stert - te min hare

14. GEBREKE EN SKYNGEBREKE

VERWYSINGS

Gebreke en Skyngebreke, 2013. SA Boerperdtelersgenootskap. saboerperd.com

4-H Horse Project manual - Conformation & Evaluation

Practical guide to lameness in horses, 1995. Ted S. Stashak, DVM, MS

Unsoundness and Blemishes in horses, 2000. E Graves

Unsoundness and blemishes of horses: feet and legs. Loch W. en Bradley M.

Unsoundness and blemishes of horses: head, body, respiratory tract and stable vices. Bradley M.

America's Horse Daily, Cryptorchidism. August 10, 2009. Lenz T. R.

TERMINOLOGIE

'n Bruikbare gesonde perd kan goed sien, behoorlik asemhaal, sy bene ten volle benut en is by sy volle sinne. So 'n perd is dus vry van enige patologiese afwykings. Min perde is egter 100% vry van een of ander afwyking. Wanneer teenstrydighede by 'n perd waargeneem word, moet onderskei word tussen

S - skyngebreke (*Blemishes*: letsels van beserings)

G - gebreke (*Unsoundness*: genetiese afwykings).

Skyngebreke is beserings (littetekens) of onreëlmatighede wat die voorkoms van die perd beïnvloed, maar nie sy werksvermoë nie. Gebreke (geneties oorerflik of opgedoen) daarenteen, veroorsaak dit dat die perd nie sy werk kan verrig nie, bv. mankheid. 'n Skyngebrek kan ook 'n gebrek wees, afhangende van die graad daarvan.

14.1 KOP EN NEK

14.1.1 Blindheid (*Blindness*) (G,S)

Gedeeltelik of volledige blindheid in een of albei oë. Daar is 'n verskeidenheid oorsake. So perd kan skrikkerig wees en benodig spesiale sorg en begrip.

14.1.2 Verdikte Manekam (*Cresty Neck*) (S)

Die manekam is verdik as gevolg van oormatige vet-deponering. Dit kan geassosieer word met laminitis.

14.1.3 Kort Onder-Kaak, Papegaaibek (*Parrot Mouth*) (G)

Die onder-kaak is korter as die bo-kaak. Dis 'n oorerflike gebrek.

14.1.4 Lang Onder-Kaak, Visbek (*Monkey Mouth*) (G)

Die onder-kaak is langer as die bo-kaak is. Dit is 'n oorerflike fout

14.1.5 "Poll Evil" (G)

Inflammasie tussen die ore, in die kopkroon (*poll*) area. Gewoonlik is dit as gevolg van kneusing.

14.1.6 Roggel (*Roaring*) (G)

'n Fluit- of roggel-geluid wanneer die perd inasem en dit is veral hoorbaar tydens oefening. Dit word veroorsaak deur die verlamming van die spiere van die stembande en word gewoonlik veroorsaak deur 'n lang termyn lugweginfeksie. Chirurgie kan van hulp wees.

14.1.7 Papipe (*Paralysis Of The Lips*) (S)

Die lippe is pap en lui, wat 'n onbehandelbare toestand is. Dit bemoeilik voerinname en onderhoud.

14.2 KAMBEEN EN SKOUERS

14.2.1 "Fistulous Withers" (*Fistula*) (G,S)

Infeksie en/of inflammasie van die kambeen waar 'n abses gevorm het, gewoonlik as gevolg van 'n besering of kneusing van 'n bursa (omhulsel). Dit is 'n abnormale opening waardeur 'n abses dreineer. Dit word beskryf as 'n konstante dreinerings van die bursa as gevolg van inflammasie en/of ontsteking.

14.2.2 Spier-verswakte Kambeen (*Sweeny*) (G)

Dit is Atrofie of verkleining van die skouer spiere. In gevorderde gevalle lyk die skouer plat en die skouerblaai is duidelik sigbaar. Dit word veroorsaak deur, 'n direkte besering van die supra-scapula senuwee, wat die skouerspiere bedien. Beserings sluit in 'n harde hou op die punt van die skouer of verrekking van die senuwee wanneer die perd gly en die voorbeen skielik teruggepluk word. Die senuwee kan nie self herstel nie en chirurgie is nodig.

14.3 VOORBENE

14.3.1 Laminitis (*Founder Or Laminitis*) (G,S)

Dit is inflammasie van die laminae van die hoef. Kenmerkende horisontale ringe op die hoefwand kan duidelik gesien word. Dit is ernstiger toestand by die voorhoewe. Die perd kan voor-standig wees (*Camped in front*), om drukking op die voorbene te verlig. Laminites kan ontwikkel deur te hoë energie inname, ontsteking van die baarmoeder, oorwerk op harde oppervlaktes, ens.

14.3.2 Bokshoef (CLUB FOOT) (G)

Abnormale regop hoef met 'n hoë hiel, kort toon en kort koot. Die helling van hierdie hoef is 60° of meer. Dit kan geneties oorerflik wees of as gevolg van omstandighede waartydens die volle gebruik van die hoef verhinder word as gevolg van die onvermoë om die gewrig (*coffin joint*) tussen die hoefbeentjie (*distale phalanx*), kroonbeentjie (*middle phalanx*) en glybeentjie (*distale sesamoïd*) reguit te maak. Ernstige gevalle is onveilig om te ry of in die tuig in te span.

14.3.3 “Bucked Shins” (G)

Inflammasie aan die voorkant van die pypbeen, waarneembaar as 'n pynlike swelling. Die perd sal die aangetaste been/bene laat rus. Dit kom veral voor by jong perde wat harde, vinnige werk verrig. Dit veroorsaak tydelike mankheid en sal herstel met voldoende rus.

14.3.4. Dik Elmboog (Capped Elbow) (S)

'n Sagte of harde swelling op die punt van die elmboog as gevolg van te min beddegoed, skop, val of wanneer die agterkant van die hoefyster teen die elmboog skuur wanneer die perd lê.

14.3.5. Geboë Of Verrekte Pees (Bowed Tendon) (G,S)

'n Vergroting van die tendons en ligamente agter die pypbeen as gevolg van oormatige verrekking van die tendon weens spanning (stres) of swak bouworm (konformasie), soos lang slap kote of tone wat te lank is. Voldoende genesing kan plaasvind sodat die perd weer kan werk, maar die verdikking bly en die been sal nooit weer so sterk wees soos voor die besering nie. Dit kom veral voor, aan die voorbene.

14.3.6 Gebrekte Knie (Broken Knee) (G)

'n Harde beenagtige vergroting aan die voorkant van die knie. Dit is weens 'n besering en is 'n ernstige gebrek wat die werksvermoë van die perd beïnvloed.

14.3.7 Geknypte Hiele (Contracted Heels) (S)

Die hiele is te naby aan mekaar en te regop, veral in die voorbene. Dit is gewoonlik geneties maar kan ook die gevolg wees van swak beslaning, laminitis (*founder*) of navikulêre sindroom (*Navicular syndrome*).

14.3.8 Hielkraak (Heel Crack) (G,S)

'n Diep bars in die hiel-area van die hoef, vanaf die hoefkroon regdeur tot by onderrand. Veroorsaak meestal mankheid, as gevolg van swak hoefwande of beserings aan die hoefkroon wat die hoef-wand verswak. Die laminae word geaffekteer en bloeding, pyn en absesse kom algemeen voor. Met goeie hoef-sorg kan dit voorkom word.

14.3.9 Sandkraak (Sand Crack) (S)

Dit is oppervlakkige krake in die hoef-wand. Dit kan by die hoefkroon begin en na onder strek, of anders om en is as gevolg van 'n swak hoef-wand, swak hoefversorging asook afwisselende nat-droë toestande. Die perd is nie mank nie.

14.3.10 Kwartierkraak (Quarter Crack) (G,S)

Diep bars in die binne of buite kwartier van die hoef, vanaf die hoefkroon regdeur tot by die onderrand. Veroorsaak meestal mankheid, Swak hoef-wande, beserings aan die hoefkroon wat die hoef-wand verswak. Met goeie hoef-sorg kan dit voorkom word.

14.3.11 Littekens Met Baie Bindweefsel (“Proud flesh”) (S) Dit kan voorkom op enige deel van die liggaam. Doeltreffende en gereëde behandeling van 'n oop wond, kan die vorming van oordadige bindweefsel (“proud flesh”) voorkom of verhoed. Die teenwoordigheid van wit hare dui ook gewoonlik 'n ou besering aan.

14.3.12 Mok (Mud Fever) (G,S)

Die vel agter die koot en bo die hiele word geaffekteer. Dit kom voor by perde wat onder nat toestande aangehou word asook beserings (bosluisbyte) in daardie area. Dit is pynlik en veroorsaak mankheid. Met die korrekte behandeling kan spoedige genesing plaasvind.

14.3.13 Ringbeen (*Ringbone*) (G)

Verbeende vergroeiing/s op een of meer bene of gewrigte van die koot-area. Dit is meer algemeen by die voorbene en word veroorsaak deur beserings of swak konformasie soos kort regop kote. Dit kan as hoë of lae ringbeen voorkom. Lae ringbeen veroorsaak altyd mankheid. Hoë ringbeen veroorsaak nie dadelik mankheid nie. Beide gevalle moet in 'n ernstige lig gesien word.

14.3.14 Splinte (*Splints*) (G,S)

Verbeende vergroting, gewoonlik aan die binnekant van die voorste pypbeen. Dit kan op enige posisie van die splintbeentjie voorkom as gevolg van spanning (*stress*), besering of swak konformasie. Nadat die aanvanklike mankheid opgeklar het, is daar geen verdere newe-effek nie, behalwe waar dit hoog genoeg is om die gewrig te irriteer.

14.3.15 Litdoring (*Corn*) (G,S)

Rooi merke op die hoefsool, gewoonlik na die binnekant by die steunsels (*bars*). In ernstige gevalle, kom absesse en mankheid voor. Daar is vele oorsake, maar kneusing, swak hoefbeslaning en geknypte hiele is die mees algemeen. Korrekte hoefversorging voorkom dit en bring genesing.

14.3.16 Navikulêre Sindroom (*Navicular Syndrome*) (G)

Degenerasie van die distale sesamoïdbeen (ook glybeentjie of navikulêre been"). As gevolg van ooreising, skok (konkussie), swak hoefbeslag en swak bouvorm (konformasie), klein hoewe, regop kote en skouers. Dit kom meestal by die voorhoewe voor. Dis 'n ongeneeslike toestand maar verdowing, korrektiewe beslaning en chirurgie kan die pyn en ongemak help verlig.

14.3.17 Sybeen (*Sidebone*) (G,S)

Die laterale kraakbeen net onder die vel aan kant van die elke hiel dien as skokabsorbeerders. Wanneer hierdie laterale kraakbeen verbeen, word dit sybeen genoem. Hierdie nuwe been kan met die vingers na binne of buite beweeg word. Daar word na die perd verwys as "hard in die hiele". Dit kom meer algemeen voor aan die voorbene en wel aan die buite-hiele. As gevolg van misbruik van die perd (bv. ry op harde oppervlakte) of direkte beserings en kom algemeen voor by perde met swak beenkonformasie.

14.3.18 Toonkraak (*Toe Crack*) (G,S)

'n Diep bars in die toon area van die hoef en strek vanaf die hoefkroon tot by die onderste rand van die hoef. Dit kan met goeie hoefversorging voorkom en verhoed word.

14.3.19 Vergrote Sesamoïdbeentjies (*Enlarged Sesamoids*) (G)

Verbeende vergroeiing aan die agterkant van die kootgewrig. Dit is 'n ernstige verworwe gebrek wat meestal mankheid veroorsaak.

14.3.20 Vrotstraal (*Thrush*) (G,S)

'n Swart, stink afskeiding by die hoefstraal. Dit is 'n anaerobiese kondisie as gevolg van nat en vuil toestande. Behandeling is noodsaaklik.

14.3.21 Water Op Die Knie (*Popped Knee, Water On The Knee, Jumpers Knee*) (G,S)

'n Sagte swelling aan die voorkant van die knie, gewoonlik as gevolg van 'n besering of skok (konkussie).

14.3.22 Windgalle (*Wind Galls, Wind Puffs, Road Puffs*) (S)

Sagte swelling van die laer pypbeen en kootgewrig as gevolg van werk op harde oppervlakte asook van oorwerk van onfikse perde. Dit is ook teenwoordig by ou perde. Dit behoort nie die perd se werksvermoë te affekteer nie.

14.4 RUG, WERWELKOLOM, ABDOMEN

14.4.1 Breuke (*Hernia*) (G)

Dit is wanneer 'n orgaan of liggaamswefsel deur die abdominale wand of deur 'n ander natuurlike liggaamsopening as gevolg van 'n ongeluk, druk of uitpeul. Daar is twee tipes breuke, nl: die wat self verklein en die wat nie self verklein nie. Chirurgie sal nodig wees.

14.4.2 Holrug ("*Sway Back*") (G,S)

Die rug is oormatig hol en dis 'n oorerflike of verworwe gebrek. Die toestand belemmer die perd om sy agterbene voldoende onder die liggaam te plaas. Bruikbaarheid van die perd sal afhang van die graad van die gebrek.

14.4.3 Longemfiseem (*Heaves*) (G)

Die perd sukkel om uit te asem as gevolg van longe wat elasticiteit verloor het. Dit is veral waarneembaar na oefening omdat die perd dan sy abdominale spiere oormatig saamtrek om lug uit te forseer. 'n Kroniese hoest en swaar naat (*heave line*) is kenmerkend. Die perd kan geen harde werk doen nie, as gevolg van stowwerige en gemufte voer en stowwerige omgewing.

14.4.4 Klophings - (*Cryptorchidism*) (G)

Sleg een of geen van die hings se testikels het uitgesak nie. Alhoewel daar algemeen aanvaar word dat die toestand oorerflik is, is die geen wat daarvoor verantwoordelik is, nog nie geïdentifiseer nie. 'n Testikel wat nie uitgesak het nie, produseer geen lewende sperma nie, maar wel testosteroon. Die hings se vrugbaarheid is dus laer. Dit is veiliger om 'n "klophings" as geneties oorerflik te hanteer en so 'n hings te diskwalifiseer. Die chirurgiese verwydering van die onuitgesakte testikel/s is 'n riskante en duur proses. Indien die inwendige testikel/s nie verwyder word nie, maar die een wat uitgesak het wel, sal die perd se gedrag soos 'n hings s'n bly en die kans dat die oorblywende testikel kanker ontwikkel, is groter.

14.4.5 Saalsere, Buikgortsere (*Saddle Sores*) (S)

As gevolg van saals en buikgord wat die perd nie goed pas nie, stukkende saals, vuil saals, geen saalkleedjies, swak buikgord. Behandel dadelik.

14.5 AGTERKWART

14.5.1 Beenspat (*Bone Spavin*) (G)

Verbeende vergroting aan die binne- en laer voorkant van die hak waar die hak en die pypbeen saamsmelt. A. g. v. foutiewe hak-konformasie bv. oormatige regop agterbene, koeihakke, sekelhakke of besering. Gewoonlik mank. Dit is 'n ernstige gebrek.

14.5.2 Bolspat (*Bog Spavin, Idiopathic Synovitis*) (G,S)

Sagte swelling (inflammasie) in die natuurlike holte aan die voorkant en binnekant van die hakgewrig, as gevolg van verstuitings, trauma (vinnig stop of draai) of foutiewe hak-konformasie (te regop hake, sekelhakke en koeihakke) en moontlike voedingswanbalanse. Langtermyn ongemak kom selde voor.

14.5.3 "*Cocked Ankles*" (G)

Die kootgewrigte is na vore gebuig. Dit kan soms ook voorkom by die voorbene. Oorwerk-trauma veroorsaak inflammasie en/of verkorting van die tendons van die kootgewrigte. In gevorderde gevalle word die diensbaarheid van die perd beperk weens die verminderde vrye beweging van die kootgewrigte.

14.5.4 Dik Hak (*Capped Hock*) (S)

Sagte of harde swelling op die punt van die hak. Dit is as gevolg van te min beddegoed, skop teen die kant van die perdewa tydens vervoer, ens.

14.5.5 Gesonke, Ingeduikte Heup (*Knocked Down Hip*) (S)

'n Breuk van die punt van die heup (tuber coxae) wat tot gevolg het dat die punt van die heup sak. Dit is die beste waarneembaar van agter. 'n Direkte stamp (by nou deure, krale, vervoer-waentjies, gly en val. ens.) is verantwoordelik. Die perd is selde mank, maar die voorkoms en waarde van die perd word geaffekteer.

14.5.6 Curb (*Curbed Hock*) (G,S)

Vergroting van die ligament bo agter die kanonbeen onder die hak (plantar ligament). As gevolg van 'n besering of foutiewe konformasie (sekel- en koeihakke) en kan kruppelheid veroorsaak. Na herstel (verdikking permanent) kan die perd weer werk.

14.5.7 Hanestap (*Stringhalt*) (G)

Dit is 'n onwillekeurige buiging van die hak in 'n opwaartse rukkerige beweging na die buik (abdomen). Beide of slegs een been kan geaffekteer word. Die ware oorsaak is onbekend maar siektes van die senuwees word verdink. Die aksie is erger indien die perd draai of agteruitstap. Vertoon ook erger na rus. Ernstige gevalle kan chirurgies gekorrigeer word.

14.5.8 Kromstert (*Crooked Tail*) (S)

Die stert word nie simmetries gedra nie. Dit kan maar net 'n gewoonte wees, of as gevolg van pyn (swak saal of ruiter), of as gevolg van asimmetriese spiertonus van die spiere wat die stert beheer of van die rugspiere.

14.5.9 Littekens Met Baie Bindweefsel (*Scars With A Great Deal Of Fibrous Tissue*) (S)

Dit kan voorkom op enige deel van die liggaam. Die teenwoordigheid van wit hare dui gewoonlik 'n ou besering aan.

14.5.10 Sluiting Van Die Kniegewrig (*Stifled, Locking Stifle*) (G)

Die knieskyf (patella) skuif en sluit die kniegewrig in die gestrekte posisie. Die knie kan vanself ontsluit of fisiese manipulasie mag nodig wees. Dit kom meer voor by agterstandige (*camped behind*) en oormatig regop agterbeen konformasie asook by jong swak bespiede perde of perde in 'n swak kondisie. Dit word veroorsaak deur die verrekking van die knie-ligamente tydens kniesluiting en kan die toestand daarna herhaaldelik voorkom. Dit kan voorkom in een of beide agterbene. Dit kan herstel indien die perd se kondisie en spiermassa toeneem. 'n Chirurgiese prosedure uitgevoer word om dit te herstel.

14.5.11 Splinte (*Splints*) (G,S)

By die agterbene kom die splinte meestal aan die binnekant van die pypbene voor. Die perd kan tydelike mank wees.

14.5.12 Waaigalle (*Thoroughpin, Tynosynovitis*) (S)

'n Sagte swelling in die holte bokant die hakgewrig. Dit kan met die druk van die hand van een kant van die hak na die anderkant beweeg word. Die oorsaak is onduidelik, alhoewel bouvorm foute verdink word. Die swelling ontwikkel oor 'n lang tyd. 'n Tydelike oplossings is beskikbaar. Normaalweg kom daar geen mankheid voor nie. Oefening help die swelling sak.

14.6 NADELIGE EN ONAANVAARBARE GEDRAG

14.6.1 Byt (*Biting*)

Hingste hap/byt graag na hul hanteerders in aanmoediging om iets te doen. Te harde roskam en borsel van perde of wanneer die buikgord te skielik styf getrek word, moedig byt aan. Skou perde leer dit aan wanneer te veel mense aan hulle vat en vryf tydens hulle staan op stal by die skougronde. Verwyder die oorsaak.

14.6.2 Haltertrek (*HALTER PULLING*)

Die perd kom agter dat hy sterker is as die halter-tou wat hom vashou. Maak liefs seker dat jong perde nie die verkeerde boodskap kry nie.



14.6.3 Kribyt (*Cribbing, Crib Biting*)

Sulke perde byt nie-metaal (bv. hout) voorwerpe met hul snytande en knaag dit stelselmatig weg. Hierdie kompulsiewe gedrag kan met of sonder “wind sucking” gepaard gaan. Die tande verweer later in so mate dat gras moeilik beweë word. Verveeldheid, frustrasie en/of vrees kan aanleiding gee tot hierdie spanningsreaksie. Spreek dit aan. Dit leer moeilik af.

14.6.4 Onrustigheid In Die Stal (*Stall Walking*)

Dit bring mee dat die perd kondisie verloor en uitgeput raak.

14.6.5 Stalskop (*Kicking*)

Sulke perde rig skade in die stal aan en veroorsaak beserings (dik hak en “*curbed hock*”) op sy agterbene. Hoefysters bly ook in die slag. Hulle gee uiting aan hulle ongeduld tydens voedingstye of soek aandag. Dit begin as natuurlike perdedrag maar gaan kan vorder tot obsessiewe gedrag. Hulle skop gewoonlik nie buite die stal nie.

14.6.6 Stertskuur (*Tail Rubbing*)

Dit begin as gevolg van parasiete (bv. bosluise) en word voortgesit as ‘n gewoonte. Parasietbeheer en stert borde voorkom die skuur van sterte.

14.6.7 Wieg (*Weaving*)

Dit is ‘n ritmiese verskuiwing van die perd se gewig van een voorhoef na die ander. Spanning word op die gewigte geplaas, Hoewe kan verweer en die stalvloer beskadig. Die oorsaak is moontlik spanning weens verveling en eensaamheid, veral in ‘n klein spasio. Verbeter die bestuur deur meer weityd, geselskap, ‘n vleklose stal speel in die stal, ens.

14.6.8 “*Wind Sucking*”

So perd identifiseer ‘n voorwerp waarteen afwaartse druk met sy bo-tande uitgevoer word, terwyl ook teruggetrek en lug inwaarts gesuig word. Hierdie kompulsiewe gedrag gaan gewoonlik gepaard met ‘n kreungeluid. Die proses kan ook tydens voeding plaasvind, met die gevolg dat die perd se voerinnamte afneem. Selfs voorwerpe in hul kampe word geïdentifiseer vir hierdie aksie en hulle beoefen ook die gewoonte wanneer daar met ‘n halter of toom gestaan word. Dit is nadelig vir tande en algemene kondisie. Voornemende kopers kan ook belangstelling verloor. Dit veroorsaak ook maagsere, koliek, ens. Ander perde kan moontlik ook die gedrag aanleer. Verveeldheid, frustrasie of vrees kan aanleiding gee tot hierdie spanningsreaksie. Spreek dit aan, die gewoonte leer moeilik af.